IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. 18/75/254

6th OCTOBER 1975

In the matter of:

THE STATE

vs

S. COOPER AND EIGHT OTHERS

---

VOLUME 34

PAGES 2135 - 2161

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

/VMD.

COURT RESUMES:

HERMANUS DANIEL STADLER, NOG ONDER EED:

ONDERVRAGING DEUR MNR. ATTWELL VERVOLG: Majoor, ek het reeds fotos vir u gegee, en u gevra om vlugtig daardeur te kyk, het u dit gedoen? --- Ek het, Edele.

Stem u saam dat dit fotos is wat die Curries Fountain perseel en insidente van die gebeurtenisse dié spesifieke dag aandui? --- Dit is korrek, dit is fotos daarvan wat op verskeie stadiums skynbaar geneem is.

Nou ek wil hê u moet kyk na die foto RALLY A.10.1(b), sien u 'n pyl daar getrek na 'n persoon wat daar staan? Edele, ek wonder of ons die Hof se foto van daardie een mag kry, hierdie een is 'n bietjie onduidelik, ek aanvaar Edele het die oorspronklike, die Verdediging het 'n sekere persoon daar aangedui as synde beskuldigde No.2 en 'n pyl daar getrek, sien u die persoon na wie die pyl strek? --- Ek het dit.

U maak nou gebruik van 'n flitslig en vergrootglas? --- Dit is korrek.

Kan u daardie persoon se gelaatstrekke en so aan daar uitken? --- Edele, dit is baie moeilik om sy gelaatstrekke uit te maak.

Sal u sê dit is beskuldigde No.2? --- Nee, Edele.

Kan u 'n mening uitspreek oor op watter stadium daardie foto geneem is, as u kyk na die foto in die algemeen? --- Edele, hierdie foto moes taamlik by die begin geneem gewees het. Ek merk dat daar nog voertuie voor die - dit lyk of dit voor die hek staan. Daar was aanvanklik van die voertuie en dit is toe later verwyder van voor die hek af. Maar soos ek reeds gemeld het, 'n foto is 'n bietjie misleidend en dit is moeilik om te sê presies waar hierdie karre staan.

Kan u die baadjie van daardie persoon wat daar met 'n

pyltjie / ...

pyltjie uitgewys is, kan u die baadjie miskien sien? --- Dit is 'n kort bosbaadjie - lumber-jacket.

Kan u die kleur binnekant daar sien? --- Dit gee die indruk dat dit wit is, maar dit kan ook net 'n ander ligter kleur wees, ligter as die bosbaadjie self. Maar ek kyk na die gesig en dit lyk beslis nie na dié van No.2 nie.

'n Ander getuie het gemeen dat hy die binnekant van daardie baadjie as ge-check sal beskryf? --- Dit gee die indruk. Maar weer eens dit is baie moeilik om te sê.

Goed, as u miskien dan net na twee ander fotos sal kyk, dit is RALLY A.10.6, het u dit? --- Ek is in besit daarvan.

Sien u 'n persoon daar in die voorgrond met 'n bosbaadjie aan? --- Dit is korrek.

Hoe sou dit vergelyk met die persoon uitgewys in RALLY A.10(b)? --- As ek moet oordeel na die gelaatstrekke en ook die bosbaadjie dan wil dit voorkom asof dit die persoon is wat op RALLY A.10(b) aangedui word.

Kyk ook na RALLY A.10.10? --- Ek mag miskien net meld, Edele, dat RALLY A.10.6 is op 'n baie vroeë stadium geneem.

RALLY A.10.10? --- Ek het dit.

Merk u daardie selfde persoon as in A.10.6 ook weer in die voorgrond met die bosbaadjie aan? --- Ja, hy staan heel voor.

Daardie baadjie het inderdaad aan die binnekant 'n "check" patroon, is dit korrek? --- Ja, op beide hierdie fotos A.10.6 asook A.10.10 is dit duidelik dat hy 'n geruite patroon het.

Nou, Majoor, ek wil dan net hê u moet kyk na die foto A.10.1.AA hy was heel voor gewees toe ek dit aan u gegee het, asook die fotos in die A.10.24 reeks, daar is vier van hulle? --- Kan u asseblief net die bewystuknommers herhaal?

Die / ...

Die eerste foto RALLY A.10.1.AA, en dan die RALLY A.10.24 reeks, daar is 'n stuk of vyf van hulle daar, A.10.24 (a) (b) (c) en (d)? --- Ek het dit.

Ek wil hê, kan u 'n mening uitspreek oor wanneer dié fotos geneem is, begin by A.10.1.AA? --- Weer eens dit is moeilik om te bepaal, maar ek sou sê dat hierdie A.10.1.AA is op 'n redelike vroeë stadium geneem, ek sou sê voordat die mense deur kolonel Jordaan toegespreek is. Heel duidelik die mense staan nog rond, hulle het nog nie 'n soort van 'n kern groep gevorm nie.

En as u kyk na die 24 reeks waarna ek u verwys het met die aanvullende syfer (a) tot (d)? --- Dit is ook baie moeilik om te sê maar dit lyk ook vir my asof dit op 'n vroeë stadium geneem is.

U merk daar dat daar honde verskyn in die fotos? --- Dit is korrek, dit mag van die honde wees wat buite langs patrolleer het.

Nou daar was later wel 'n stormloop van honde as ek dit so mag noem? --- Dit is korrek, as ek dit net mag noem, op die stadium toe die stormloop begin het, ek het byvoorbeeld op daardie stadium net op beskuldigde No.2 konsentreer met my rug na die hekke van Curries Fountain. Ek het byvoorbeeld nie die bevel gehoor nie, en ek kan dus nie sê op die stadium toe die honde toegeslaan het, presies wat gebeur het nie.

In elk geval is u van mening dat daardie vier fotos in die 24 reeks op 'n redelike vroeë stadium geneem is? --- Ek dink beslis so, want as u kyk na BEWYSSTUK RALLY A.10.24(c) dit dui majoor Meyer aan, die persoon in beheer van die honde groep, en hier kom hy heeltemal ontspanne voor. Dit wil voorkom asof hy net 'n normale patrollie stap. Ek mag net meld dat as 'n hond by 'n persoon verbygaan, self al staan hy ook in 'n

groep / ...

groep, dan kyk hy hom maar altyd half skeef aan.

Goed, ek ag dit nie nodig om u verder lastig te val met die fotos nie. U sê daar was wel 'n aantal mense gearresteer by die perseel die aand? --- Dit is korrek.

Insluitende beskuldigde No.1 se vrou? --- Dit is so.

Is sy aan u bekend as 'n lid of ondersteuner van enige organisasie? --- Sy is bekend aan my as 'n lid van BPC, en dan het sy ook op die dag van die sogenaamde rally het sy 'n BPC hempie aangehad.

Is dit aangedui in die fotos wat deur die Staat oorspronklik ingehandig is, RALLY A.6, RALLY A.7? --- Ja, RALLY A.6 toon haar duidelik asook die Bantoevrou wat ek vroeër gemeld het met die Denim broek. Dan RALLY A.7 weer eens die twee.

En RALLY A.9 soortgelyk? --- Ja, RALLY A.8 en RALLY A.9 toon duidelik mev. Cooper met haar rug na die kamera, besig om die mense aan te hits om te sing. Nou hierdie fotos was geneem toe die mense hoofsaaklik nog almal op die wal en op die sypaadjie gestaan het. Met ander woorde toe hulle begin het om die mense aan te hits om te sing en slagspreke te skree.

Goed. Nou, Majoor, die aand kort na die rally, het u en ander lede van die Veiligheidstak die SASO hoofkantoor te Beatrice-straat besoek? --- Dit is korrek, ons het om 6.43 namiddag by SASO kantore arriveer. Met ons aankoms was die deur gesluit. Ek mag net meld dat dit is 'n klein dubbelverdieping geboutjie, die SASO kantore is in die bo verdieping geleë, die deur onderaan die trappe was gesluit. Ons het geklop en die deur was oopgemaak deur 'n vorige getuie, Bawa.

U is toe die kantoor in, is dit korrek? --- Dit is korrek. Met ons aankoms bo in die algemene kantoor, was Bawa teenwoordig asook die sekretaresse, mej. Khubeka. Dan, in die

kantoor / ...

kantoor van die sekretaris-generaal - die kantoor was gesluit, ons het geklop, dit was oopgemaak en binne het ons aangetref beskuldigde No.2 wat agter die tafel gesit het, teenwoordig was eerw. Mayathula, Mabandla en ek dink Lekota.

Beskuldigde No.3? --- Dit is korrek. Met ons binnekoms was - dit wou voorkom asof beskuldigde No.2 besig was om iets te skryf, dit mag wees dat dit net 'n dokument was wat voor hom gelê het. Kaptein du Toit het nader gegaan en wou die dokument voor beskuldigde No.2 opraap, No.2 het daarop kaptein Du Toit se hand vasgegryp, ek het beslag gelê op die dokument.

Het u 'n afskrif daarvan? --- Ja, ek het die dokument voor my, Edele, die kopstuk lees: "Statement re Viva Frelimo Rally, Durban", bewysstuk RALLY A.2.

Edele, hierdie bewysstuk is nog nie ingehandig nie, ek handig afskrifte aan die Verdediging en aan die Hof. Edele, ek wil net die Hof se aandag vestig op die tweede bladsy van die dokument, om en by van die middel af:

> "It is ironical that the MFM rallies refugees from Mozambique are allowed to proceed when those of the people who belong to the land and whose land is theirs by birth are banned. The Black people have not at any stage taken up arms against the regime but we have been maimed, massacred, butchered, assassinated and emasculated of our dignity and manhood. The movement of the people in their struggle toward total liberation is legitimately represented by the Black Peoples' Convention and the South African Students' Organisation. It therefore the duty of the Black Movement to exhaust its energies in exposing the atrocities and filth perpetrated against the Black

people / ...

people and with all the strength they can muster to try and wipe it out".

Nou, daar is toe 'n algemene deursoeking van die kantore? ---- Ja, ek het toe almal teenwoordig arresteer, behalwe die sekretaresse mej. Khubeka en laat verwyder, behalwe beskuldigde No.2 het ek agtergehou ten einde teenwoordig te wees tydens die deursoeking. Ek het onder andere beslag gelê op bewysstukke RALLY A.4 en RALLY A.5.

Dit is die pamflette reeds ingehandig? ---- Dit is korrek. Ek het van RALLY A.4 107 gekry, en van A.5 393.

Hier is die afskrifte indien die Verdediging dit wil sien, Edele. ---- Dan, Edele, het ek ook beslag gelê op 'n geskrif, duidelik die konsep van RALLY A.4, ek handig dit dan in as RALLY A.4.A.

Die dokument is tot dusver nog nie ingehandig nie, Edele, ek handig afskrifte nou aan die Verdediging. ---- Voorts het ek in die snippermandjie in die afrolkamertjie 'n gesnipperde dokument gevind wat ek later bymekaar gepas het die stukkies, die kopstuk lees: "Joint press statement from BPC and SASO on the Frelimo Rally".

Met die Hof se toestemming sal dit ingehandig word as bewysstuk RALLY A.2(a). As u net die oorspronklike vir 'n oomblik aan die Hof sal toon, Edele sal opmerk dat dit op geel papier geskrywe is, maar een stukkie ontbreek in die middel. Kan u net daar verduidelik, Majoor? ---- Na ek die stukkies bymekaar gesit het het ek gemerk dat die besondere stukkie in die middel vermis is. Ek het dan daardie woorde voltooi soos dit voorkom in die middel van daardie vermiste stukkie.

Dit is nog nie ingehandig nie, Edele, en ek handig hom nou in as 'n bewysstuk. Dit blyk 'n pers-verklaring te

wees / ...

wees, is dit korrek? ---- Dit blyk 'n pers-verklaring te wees, en ek het dit ook vergelyk met 'n pers-verklaring voorgewende deur die studente organisasies uitgereik, SASO en BPC, wat soos dit verskyn in die City Late van die Daily News, die aand koerant van Durban.

En het u vasgestel dat die eerste paragraaf van hierdie handgeskrewe pers-verklaring presies ooreenstem met die verklaring wat in die koerant verskyn het? ---- Ja, tot op 'n sekere punt is dit identies.

Edele, met die Hof se toestemming sal 'n kopie van die Daily News van die 24e, die City Late, ingaan as 'n bewysstuk, BEWYSSTUK 31, indien die Hof insae daarin wil hê, die betrokke verklaring verskyn om en by die derde paragraaf van die hoofberig. Sal u dit net aan die Hof toon. ---- Die vetgedrukte letters, Edele, in die tweede paragraaf kom ooreen met die eerste paragraaf soos dit verskyn op bewysstuk RALLY A.2(a).

U bevestig dat dit inderdaad die aand koerant was van die 24e September in Durban? ---- Dit is korrek. Edele, ek het ook beslag gelê op 'n dokument met kopstuk: "Press statement concerning the power transition Mozambique : Riots, rallies etcetera", bewysstuk RALLY A.1.

Hierdie dokument is tot dusver nog nie ingehandig nie, Edele, ek handig afskrifte daarvan nou in. Edele sal opmerk op die laaste bladsy dat dit gee voor te wees 'n dokument "Issued by SASO 9.9.74" onderteken deur Muntu K. Myeza. ----Op dieselfde aand het ek ook die BAWU kantoor wat deur BPC gedeel is deursoek, en onder andere het ek 211 van bewysstuk A.5 gevind.

Dit sal nie as 'n afsonderlike bewysstuk ingehandig word nie, Edele, dit is ter insae beskikbaar. ---- Edele dan

weer / ...

weer op die 2e Oktober 1974 het ek weer eens die kantore, die SASO kantore te Beatrice-straat 86, Durban, deursoek, en onder andere beslag gelê op die volgende dokumente, een met kopstuk: "The correct perspective of the struggle BEWYSSTUK H.1.

Hierdie dokument is ook tot dusver nog nie ingehandig nie, Edele. ---- Dan 'n dokument met kopstuk "Preamble" bewysstuk BPC E.5.

Edele, hierdie dokument is reeds ingehandig, dit is die dokument "On the way to Sharpeville" ---- Dan SASO Constitution and Standing Rules, reeds in as BEWYSSTUK SASO P.1 dokument "Black Power" reeds in as BEWYSSTUK SASO G.3.

Dit is die toespraak van ene Sam Magagula, Edele, by die vierde SASO kongres. ---- Dan 'n dokument met kopstuk: "The repugnant elements in the western culture" BEWYSSTUK SASO R.1, ek glo nie dit is al ingehandig nie.

Dit is nog nie ingehandig nie, Edele. Ek sou graag net u Edele wou verwys na enkele stukke hierin. Aan die einde van die stuk oor "religion" wat onder nommer 1 verskyn op die eerste bladsy, die laaste sin sal ek net graag daar vir die Hof wil lees:

> "Black people therefore must learn to interpret God as a hater of people who shun their own liberation, Christ must be seen as a fighter, a revolutionist who guides human justice and not racial justice".

Dan die laaste paragraaf op daardie eerste bladsy, Edele:

> "We consider it politically wrong and morally untenable that a foreigner must come into our country, take it, hoard us into certain corners and systematically exterminate us. We feel that it is a negation of humanity for a White man to daily make us believe that

we / ...

we are a peace-loving creatures while us uses unpeaceful means and force to subjugate us. Accordingly therefore we feel that the Black man must learn to know that no ballot has ever preceded the bullet, but the opposite is true. This hypocrisy of democracy by Whites must be counteracted by this opposite above. Black consciousness we believe is the preparatory stage of the people's revolution, a precedence to a just and humane society".

--- Die volgende, Edele, 'n handgeskrewe dokument met kopstuk "Editorial", ek handig dit in as BEWYSSTUK K.3.

Hierdie is nog nie voorheen ingehandig nie, Edele.

--- Dan een met kopstuk "Lets talk about Bantustans" - ook handgeskrewe, dit gaan nou in as BEWYSSTUK K.4.

Op die oorspronklike is die teks van die artikel oor Bantustans aangeheg, is dit korrek? --- Ja, dit is korrek.

'n Getikte stuk oor Bantustans? --- Dit is reg.

Edele, hierdie artikel het soos hy hier verskyn in 'n SASO nuusbrief verskyn. Ek sal weer die spesifieke "newsletter" net noem, dit verskyn in algemene bewysstuk K.4(a) dit is 'n SASO nuusbrief "SASO conference issue Vol.2 No.4" reeds in. Op bladsy 18 van die "newsletter", en bladsy 94 van die nommer heelbo in die regterhoek. --- Dan, Edele, dokument met kopstuk "Bannings and intimidation" gaan nou in as BEWYSSTUK T.1.

Dit, met die Hof se toestemming sal wees SASO T.1. Edele, ek wil net die Hof se aandag daarop vestig dat ek deur die majoor net laat inhandig eintlik nuwe dokument waar moontlik, natuurlik ander afskriftes van die notules van die derde GSC ofdie 4de GSC daar is talle van die goed gevind, Edele, pakke van die goed, ek ag dit nie nodig om deur die majoor vanuit die SASO hoofkantoor die goed in te handig, waar

duplikate / ...

duplikate wel na verwys was deur vorige getuies, is om distribusie van die goed aan te dui. Uit die aard van die saak sal daar noodwendig in SASO hoofkantoor talle van die goed wees, dit is ter insae deur die Verdediging beskikbaar by Compol ingeval hulle dit wil sien. Op 'n stadium, Majoor, het u ook uit die aard van u werk in besit gekom van talle SASO nuusbriewe, is dit korrek? --- Ja, ons het van dit in besit ontvang.

Onder andere sal ek nog net een SASO nuusbrief wil inhandig deur die majoor, Edele. --- Ja, dit is SASO nuusbrief Vol.2 No.3, dated May/June 1972, dit gaan in as BEWYSSTUK K.3(a).

Ek mag net aan die Hof aandui dat die stuk netnou deur die getuie ingehandig, K.3 wat 'n handgeskrewe "Editorial" was, daar blyk omtrent twee of drie pogings deur die skrywer hier te wees, al drie is hier in die dokument K.3, en een van daardie pogings verskyn dan inderdaad op die binneblad van hierdie "newsletter" onder "Editorial". Majoor, tydens die ondersoek van hierdie saak het u inderdaad opdragte gegee aan heelwat van die polisiebeamptes en veiligheidsbeamptes in verband met deursoekings, is dit korrek? --- Dit is korrek.

En heelwat dokumente is deur al die polisielede aan u oorhandig na die deursoekings en deur u in beslag geneem hier in Compol gebou? --- Dit is korrek.

Onder andere al die dokumente in die saak wat tot dusver ingehandig is? --- Dit is korrek.

Majoor, daar is ander bande in die saak ingehandig, naamlik bande deur kaptein Du Toit, van 'n Sharpeville Commemoration vergadering in 1973, het u ook hierdie bande op 'n stadium vanaf kaptein Du Toit ontvang en in u bewaring gehou? --- Ja, Edele, ek het al die bande wat tot ons

beskikking / ...

beskikking was, het ek op een of ander stadium in my besit gehad, en maar die normale voorsorgmaatreëls getref dat dit nie gepeuter mee kan word nie.

Dit sluit ook in die bande wat terug ontvang is vanaf die WNNR en wat dan as duplikaat bande aan die Verdediging in hierdie saak oorhandig is? --- Dit is korrek.

Edele, ek sal nou graag wil oorgaan na 'n paar algemene vrae aan die getuie. Uit die aard van u werk, Majoor, kan u vir die Hof aandui wat die ANC en PAC is of was? --- Dit is beide verbode organisasies, Edele.

Dit is bewegings van Swart persone in die verlede in hierdie land, is dit korrek? --- Ja, hoewel die ANC nie suiwer Swart was nie, daar was ook Blankes in betrokke. Die ANC is in 1960 vir die eerste keer in die ban gedoen op 'n basis dat dit jaarliks hersien word, en toe is dit in 1963 verban, finaal verban.

Het die metodes van hierdie organisasies geweld ingesluit? --- Dit is korrek.

Die persoon Nelson Mandela, kan u miskien vir die Hof sê wie daardie persoon is? --- Ja, hy het op die sogenaamde "high command" van die ANC gedien, en was later 'n beskuldigde in die "high command" saak in Johannesburg. Hy was destyds naby Howick in Natal gearresteer.

Is hy skuldig bevind aan ondermynende bedrywighede en vind hom tas te Robben Eiland? --- Dit is korrek.

Die persoon Walter Sesulu? --- Ja, hy kan omtrent in dieselfde kategorie as Nelson Mandela geplaas word.

Ook al voorheen skuldig bevind aan ondermynende bedrywighede? --- Dit is korrek.

Robert Sobukwe? --- Hy is 'n PAC man wat ook te Robben Eiland aangehou was, en sedertdien vrygelaat is.

Was / ...

Was hy ook skuldig bevind in die verlede van ondermynende bedrywighede? ---- Ja, alhoewel nie in dieselfde kategorie as Walter Sesulu en Nelson Mandela.

Die persoon Bram Fischer? ---- Bram Fischer was ook weens ondermynende bedrywighede gevonnis, en het lewenslank gekry, van die Suid-Afrikaanse Kommuniste party en hy is sedertdien oorlede.

Sekere van die beskuldigdes is inderdaad ook ingeperkte persone, is dit korrek? ---- Dit is korrek.

Sal u net vir die Hof aandui watter persone dit is? ---- Beskuldigde No.1 was ingeperk die 2e Maart 1973, dieselfde met No.9, en No.4 was die 12e November 1973 ingeperk.

Majoor, ons het ook getuienis gehad oor stakings in hierdie saak, en veral pamflette wat versprei is tydens die Coronation Brick and Tile staking? ---- Ja.

Het u Veiligheidstak te Durban aandeel gehad in die ondersoek in verband met hierdie stakings in Natal? ---- Ja, in die Port Natal afdeling, vroeg in 1973 was daar 'n staking by Five Roses in Durban, dan was daar een by Coronation Brick and Tile, dit is waar van die pamflette versprei was, ek is bewus daarvan. Dan sedert die Coronation Brick and Tile staking het hy ge-snowball, en ons het daarna oor die volgende paar maande het ons stakings gehad van plus minus 106 firms waar 59 000 Bantoe werkers betrokke was. Ek is ook bewus daarvan dat by een van die ander stakings ook pamflette versprei was wat ingehandig is.

Van watter organisasie was daardie pamflette? ---- Beide voorgewende van BPC.

Nou, Majoor, die getuie Harry Singh wat al voorheen getuienis afgelê het in hierdie saak, was u tot 'n groot mate met sy aanhouding belas? ---- Ja, Edele, wel ek was belas met

al / ...

al die aanhoudings, min of meer, maar ek het hoofsaaklik met hom gedeel aanvanklik voordat die verklaring gemaak is, en tydens die maak van sy verklaring.

U was in bevel inderdaad van veral Harry Singh, is dit korrek? --- Dit is korrek.

Nou, Majoor, wanneer het die getuie Singh sy verklaring finaal afgerond en geteken? --- Dit was reeds in November 1974.

Nou, daar is bewerings dat van die dokumente wat in hierdie saak ingehandig is, moontlik aan die getuie getoon was alvorens hy sy verklaring afgerond het? --- Die enigste dokumente wat ek aan hom getoon het was 'n paar dokumente wat by hom gekry was, byvoorbeeld daardie - as ek kan dink aan een - daardie gediggie "Hey Black man". Ek het hom om 'n verduideliking gevra daarvan. Dan, Edele, in Januarie hierdie jaar nadat mnr. Rees besluit het dat hy as getuie gebruik moet word, het ek opdrag gegee dat die dokumente wat moontlik gebruik sou word weer aan hom - aan hom getoon word. 'n Verklaring in die strekking was dan ook van hom verkry waar hy sekere dokumente identifiseer het.

Is dit 'n aanvullende verklaring? --- Dit is korrek.

Kan u sê of die notules van die "Inaugural Convention van BPC en/of die eerste algemene jaarkongres van BPC aan dié persoon getoon was alvorens hy sy eerste hoofverklaring voltooi het? --- Nee, beslis nie.

Nog 'n aspek, Majoor, asseblief, die SASO telefoon sisteem as ek dit so mag noem, wat is die posisie daar in SASO se hoofkantoor in Durban aangaande telefone, die hoeveelheid telefone en hoe die oproepe inkom en so aan? --- Ek is nie seker wat hulle daardie betrokke sisteem noem nie, maar hulle het 'n sentrale lyn wat inkom, met 'n foon wat ek dink drie of vier knoppies het, en dan het hulle twee lyne wat daarvandaan

gaan / ...

gaan na die sekretaris-generaal se kantoor en ook na een van die ander kantore. In ander woorde, Edele, dit is 'n knoppie wat jy druk dan skakel jy hom deur na die ander.

Maar daar is nie 'n skakelbord as sulks nie? ---- Nee, daar is nie 'n skakelbord as sulks nie.

Een laaste vraag, Majoor, die Frelimo rallies, hoe het dit die polisie pligte in die algemeen en polisiediens affekteer? ---- Ek sou sê dat dit beslis ontwrig was, want daar moes gebruik gemaak word van addisionele persone om die stasies te beman, reserviste, ten einde die polisie hulp te verleen omdat hulle op steundiens was vir die rally.

Ek het geen verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. ALLAWAY</u>: Majoor, ek is van plan om u kruisverhoor in Engels voort te sit, en as daar enige probleme is met die vrae, sal ek dit herhaal in Afrikaans. ---- Ek aanvaar dit, Edele.

Major, if you had got the banning order in Durban at 10.45 I think on the morning of the 25th September, why did you not go and serve it at SASO and BPC offices that morning? ---- Edele, ek het dit ontvang, maar uit die aard van die saak was ek nie in beheer van dinge nie, ek het afdrukke laat maak, nie ek persoonlik nie, maar ek weet dat afdrukke gemaak was, en dit was aan ons afdeling kommissaris oorhandig wat eintlik in beheer was van dinge daar. Die Veiligheidstak as sulks was net daar in 'n raadgewende hoedanigheid, en het nie juis iets te doen gehad met die opset as sulks nie.

But, Major, any senior police officer in Durban would have known where the SASO offices were in Durban, not so? ---- Ja, Edele.

And the BPC offices as well? ---- O ja, beslis.

Did / ...

Did you ever consider yourself whether it would be advisable to serve a copy of this order at those offices? ---- Ek persoonlik nie, Edele, miskien het ek gevoel dat daar reeds soveel publisiteit daaraan verbonde was, en dat die radio - oor die nasionale nuusdienste, ook oor die Zoeloe programme en ek het dit nie oorweeg nie. Dit mag wees dat dit op 'n hoër vlak oorweeg was, wat ek nie van bewus is nie.

But I would have thought as a matter of just being perfectly sensible, if one wanted to stop a rally, the thing to do is to go and serve the banning order at the offices of the organisation, does that not occur to you as being sensible? ---- Edele, in die eerste plek soos ek reeds gemeld het, ek het dit nie gedoen nie, ek het dit nie oorweeg nie. Ek was uit die aard van die saak nie in beheer van dinge gewees nie, en soos ek sê dit mag wees dat dit op hoër vlak oorweeg was. In die tweede plek was die publisiteit aangaande die in-bandoening daarvan so wyd versprei gewees en so wyd bekend gemaak, dat ek weet nie of dit gedoen was nie.

When did the Minister actually sign the notice, do you know? ---- Ek dink dit was - ek vermoed dit was die vorige aand, want ek dink dit was reeds daardie nag, die nag van die 24e - 25e, was dit op die Pers gedien, en, ek praat onder korreksie, maar ek dink dit was die oggend 9 uur was dit reeds beskikbaar aan die publiek. Die afskrif wat ek ontvang het was op die 7 uur vlug vanaf Kaapstad geplaas, en die vliegtuig sou ek dink omtrent 9.50 arriveer het.

It was a bit late was it not? ---- Dit is korrek.

Dealing with the publicity in Durban, the edition of the Daily News, which is the evening newspaper in Durban, would have been published on the 24th September? ---- Dit is korrek.

By / ...

By the time its last issue became published, I suggest that there was nothing in that issue to say that the Minister had signed the banning order? ---- Ek praat onder korreksie, ek glo nie dit was reeds so gestel dat hy wel dit reeds geteken het nie, die koerant is nou voor die Hof en 'n mens kan miskien kyk daarna, maar ek glo nie dit was pertinent gestel dat dit toe reeds in die ban gedoen is nie, alhoewel 'n mens kon aflei daar dat die Minister het die voornemens om dit te ban, dat hy dit wel sal doen.

But of course until the Minister signs it it is not banned, is it? ---- Ja, ons het natuurlik - ons was in 'n moeilike posisie, daarom het ons die bewoording aangevra, want ek dink die Wet lees dat jy hom òf deur middel van radio òf deur middel van die Pers, of mondelings, of natuurlik deur middel van die Staatskoerant kan in die ban doen, en dit is juis ons probleem, ons het nie geweet of hy van voornemens is om net die Pers en die radio te gebruik, en of hy dit wel deur middel van die Staatskoerant sou doen nie, en daarom het ons dit aangevra en ons het die bewoording van die Staatskoerant die vorige aand gekry, en die volgende oggend die Staatskoerant self.

Now you say that there was publicity given to -- was it the intention of the Minister to ban or the actual fact of banning, on a news service on the 24th September, was it that he had in fact banned it, or that it was his intention to ban it? ---- Ek het geluister daarna, en as ek reg onthou het hulle oor nuusberigte gesê dat dit wel in die ban gedoen is. Ek mag net meld dat daardie nuusberigte was hoofsaaklik as gevolg van kolonel Steenkamp wat dit aan hulle gegee het, juis om die mense te waarsku, hy het nog ek dink in een van die nuusberigte het hy gesê dat kolonel Steenkamp die mense

waarsku / ...

waarsku dat almal wat die vergadering, die rally, sou bywoon, 'n oortreding sou pleeg.

Now he is the head of Security is he? --- Dit is korrek, in Durban.

You see, you had been keeping telephone conversations from SASO offices and BAWU offices under surveillance, had you not? --- Dit is korrek. Ek was bewus van verskeie reeds.

Now, on the morning of the 25th September, we have had Mr. de Wet's evidence, and he says that he was keeping you informed from time to time of what telephone conversations were taking place? --- Dit is korrek, tot 'n sekere punt natuurlik, ek dink die middag tussen etensuur van die 25e tot op daardie stadium het ek min of meer op hoogte gebly met al die gesprekke wat deurkom. Van daardie oomblik af het ek nie enige gesprekke ontvang nie, of enige inligting ontvang nie, behalwe na die rally in Durban, toe het ek inligting deur middel van die radio ontvang van ons kantore af dat hulle gebel het van Turfloop af en gesê het dat hulle 'n suksesvolle rally gehou het, aldaar.

But up to the time that you had got your last report from him, that is Mr. de Wet, were you of the view that the rally was going to go on or not? --- Alles het daarop gedui, daarom het ons daardie voorsorgmaatreëls getref. Ons was oortuig daarvan dat hulle wel sou aangaan, want die gesprek en alles het daarop gedui.

I would have thought that the Security Branch at Durban would have some say, even from a guidance point of view, in suggesting to the uniformed branch what should happen if there were a rally? --- Edele, ek verstaan nie heeltemal die vraag nie, wat sou gebeur het?

You see, let me put it this way, I thought there would

be / ...

be co-operation between the Security Branch and the uniformed branch over events leading up to a rally, you would co-operate with each other? --- O, daar was baie beslis ooreenkoms gewees, kolonel Jordaan was in ons kantoor gewees, en ek is bewus daarvan dat kolonel Steenkamp die afdelings-bevelvoerder deurgaans op hoogte van sake gehou het. Daarom was daardie reëlings getref in geval van gebeurlikhede(?)

As far as the attitude of the Security Branch was concerned, that is at your level of it, Major, and that of Colonel Steenkamp, did you wish the rally to go on or not? --- Nee, daarom het kolonel Steenkamp dit juis pertinent oor die radio, al die dienste gegee, asook die oggend-koerant die Natal Mercury, pertinent onder die mense se aandag gebring dat persone wat die vergadering bywoon 'n oortreding pleeg. Met ander woorde hy het dit - miskien nie direk nie - maar op 'n indirekte wyse gestel dat die mense moet wegbly.

This is the last point I want to make with reference to this subject, I am sorry to have to ask you this question again, but if the Security Branch really wanted to prevent the rally from taking place - and I suppose thereby spare everyone a lot of unnecessary trouble if it did not take place - I am just extremely surprised that no-one conceived in the Security Branch the idea of serving the banning order at their offices, it might in fact have prevented the rally? --- Soos ek reeds gesê het, dit mag oorweeg gewees het deur kolonel Steenkamp, ek weet nie, wat hy met die afdeling kommissaris bespreek het weet ek ook nie. Na my mening soos ek sê was dit reeds genoegsaam aangekondig om die mense te waarsku om nie voort te gaan nie, deur middel van die nuusberigte.

I take it the Security Branch did not adopt this view,

well / ...

well let them go on with their rally, a lot of the leaders might go there and we can nip them in the bud? ---- Nee, baie beslis nie. Ons was bekommerd gewees dat dit wel sou aangaan en dat daar moontlik insidente kon wees.

Now, Major, you have said that you were the investigating officer in this case, did you keep an investigation diary? ---- Nee, Edele.

Is that not usual in a case of this nature? ---- Nee, in 'n saak van hierdie formaat is dit feitlik onmoontlik om 'n dagboek by te hou.

Anyway, it seems if we hear my learned friend, Mr. Rees correctly, that you are to be the last witness in the case, apart from the need to cross-examine Mr. van der Merwe, and just to make things abudantly clear, can you help us to this extent with regard to people who were detained and who have not been called as witnesses. Was a Reverend Mayathula detained under Section 6 of the Act? ---- Dit is korrek.

And is he still so detained? ---- Dit is korrek.

Do you know whether a statement was taken from him? ---- Ja, 'n volledige verklaring was geneem.

Do you know how many people were detained in all including the Accused under Section 6 of the Act? ---- Ek dink daar was 36, miskien op een stadium 40, sommige van hulle natuurlik soos byvoorbeeld, ek dink nou aan 'n persoon soos Sadeg Variava, hy was net vir 'n paar dae, en ek dink Solly Ismail miskien net vir 'n dag of twee, maar alles in alles dink ek was daar omtrent 40.

Now, I am going to deal with the Indian detainees first, Haroon Azize, was he detained? ---- Ja, hy was.

And did he make a statement? ---- Hy het.

Ahmed Bawa we know about, he has given evidence, Yugan

Naidoo / ...

Naidoo, was he detained? ---- Hy was, Edele.

Did he make a statement? ---- Hy het, Edele.

Coloured persons - Albert Beukes, was he detained? ---- Ek dink u verwys nou na 'n persoon wat in Johannesburg aangehou is, maar nie in verband met hierdie saak nie.

You see, what I am endeavouring to do, Major, is to find out people whom we can possibly approach once the State's case is closed? ---- Edele, ja, ek dink na die Staatsaak gesluit is, die normale prosedure is, ons laat almal vry, en dan staan dit die Verdediging vry om natuurlik met hulle te gesels, en ek dink mnr. Rees het ook reeds so ..(Mr. Allaway intervenes)

But I would like to know who they are, please, if you do not mind, this is a little tedious, but it is necessary, Stephen Karoelis, was he detained? ---- Hy was, Edele.

And did he make a statement? ---- Hy het, Edele.

Harold Dixon, was he detained? ---- Dieselfde.

And did he also make a statement? ---- Ja, Edele.

Ben Louw, was he detained? ---- Ja, Edele.

And did he make a statement? ---- Hy het ook 'n verklaring gemaak.

Nicky Titus? ---- Ja, hy was ook aangehou en hy het ook 'n verklaring gemaak.

Bernard Williams? ---- Nee, ek dink dit is weer 'n persoon wat hier in Johannesburg aangehou word, wat nie betrekking het op hierdie saak nie. Hy het te doen met Swartmag aangeleenthede, maar nie ..(Mr. Allaway intervenes)

Nothing specifically to do with this case. I understand.

Now of these people I have referred to, that is Haroon Azize, Yugan Naidoo, Albert Beukes, Stephen Karoelis ..(witness intervenes) ---- Nie Albert Beukes nie, Edele.

Sorry / ...

Sorry, Stephen Karoelis, Harold Dixon, Ben Louw and Nicky Titus, have any of those men been released? ---- Ja, almal is ontslaan behalwe Yugan Naidoo, dit is nou amptelik ontslaan, en Harold Dixon, dit is die enigste twee wat - ek praat onder korreksie - ja, dit is die enigste twee wat nog in aanhouding is.

Was a man called Chris Goddard detained? ---- Nee, ek dink dit is ook 'n Johannesburg man.

En Wiseman Hamilton? ---- Dieselfde met hom, Johannesburg.

Was a man called Drake Koka detained? ---- Ja. Hy het ook 'n volledige verklaring gemaak, en vrygelaat.

And Ben Langa? ---- Dieselfde met hom.

Also released? ---- Nee, hy is nog nie vrygelaat nie.

Thomas Mantata? ---- Hy was aangehou, reeds vrygestel, het 'n verklaring gemaak.

The Rev. Mayathula is still detained is he, or has he been released? ---- Hy word nogsteeds aangehou.

Pat Megluwa? ---- Ek dink dit is moontlik ook 'n persoon van Johannesburg, die naam klink glad nie bekend vir my nie.

Jerry Modisana? ---- Was aangehou, reeds vrygelaat, hy het 'n verklaring gemaak.

Eric Moluwe? ---- Die naam klink ook nie bekend nie.

And someone called Xola Nuse? ---- Dieselfde met hom, die naam klink ook nie bekend nie.

COURT: Are those people who should have been detained in your estimation?

MR. ALLAWAY: M'lord, as far as we are concerned these are Press reports that have appeared that these people are being detained, and we do not want to rely on Press reports. I am sorry to do this, M'lord, but it is the only way to elicit factually whom we may be able to see.

Court / ...

COURT: But I am rather amazed that you have left it so late, I mean if a lot of them have been rdeased already, you have done nothing to find out where they are if you are really interested in their evidence.

MR. ALLAWAY: No, M'lord, we are not allowed, with respect, to have any contact with these people at all directly or indirectly, M'lord, it is totally prohibited because they are all potential State witnesses.

COURT: But he says they have been released.

MR. ALLAWAY: No, M'lord, the fact that they have been released, we have been told by my learned friend Mr. Rees at the start of this trial in no uncertain fashion, M'lord, that we were not to endeavour to communicate directly or indirectly with anyone who had made a statement to the police, we were given a whole list and some of these people are on this list, and we also have a letter as well from the State.

COURT: So do the State claim to have a claim on them as witnesses despite the fact that they were not subpoenaed?

MR. ALLAWAY: Yes, M'lord. And this is why I am forced to resort to this procedure in order to make sure that we do not get into difficulties by seeing people whom we should not see, M'lord. --- Edele, as ek dinge mag bespoedig en vergemaklik, dan kan ek onderneem om 'n lys aan mnr. Allaway beskikbaar te stel van al die persone wat aangehou was en vrygelaat word of is ..(Mr. Allaway kom tussenbei)

And whom we may see, without my learned friend's objection? --- Mnr. Rees is nie hier nie, maar ek dink dit is wat hy te kenne gegee het.

COURT: Are there many more names?

MR. ALLAWAY: M'lord, just three more. There is someone called Cyril Ramaphosa? --- Ja, hy word nogsteeds aangehou,

hy / ...

hy het 'n volledige verklaring gemaak.

And Mahlomola Skoshana? ---- Mahlomola Skosana, Edele hy word nog aangehou, hy het ook 'n verklaring gemaak.

And Radebe Monamodi? ---- Mnr. Allaway se uitspraak is miskien nie so goed van die name nie, maar daardie naam klink glad nie bekend nie.

HOF: Jy het nog nooit daardie uitspraak gehoor nie? ---- Nog nie, Edele.

MR. ALLAWAY: And anyone by the name of Mabanhla, was he detained? ---- Edele, ja, daar was twee Mabandlas, die man en die vrou, mev. Cilly Mabandla en dan Delwa Mabandla, hulle is albei vrygelaat reeds, beide het ook verklarings gemaak.

Now we have been told that certain people have been released, and I just want to make sure that our information is correct - when I say we have been told, we have been informed through the Press, and if I can just recite their names quickly, Daniel Landingwe, has he been released? ---- Nee, hy is nog in aanhouding.

Mazimkulu Gwentshe? ---- Ja, hy is vrygelaat.

The two persons Mabandla that you spoke about, a Mr. and Mrs. Mabandla? ---- Dit is korrek.

Mapetla Mohoape? ---- Reeds vrygelaat, Edele.

And Punzeli Matjeko? ---- Ook reeds vrygelaat.

Menziwe Mbio? ---- Reeds vrygelaat

Myamiko Pityane? ---- Ja, hy is reeds vrygelaat.

And Paul Tsototse? ---- Paul Tsotetse? Ja, hy is reeds vrygelaat.

And I take it subject to my learned friend Mr. Rees' approval you have no objection to our seeing those people? ---- Nee, dit is die normale prosedure na sluiting van die Staatsaak word dit beskikbaar gestel.

Major / ...

Major, as far as the tape-recordings are concerned, I just want to deal with them very briefly, you have said that there were certain recordings handed over to you, and you gave instructions I think you said for three or four of the tapes to be used again? ---- Ja, daar was twaalf altesaam, nege was gebruik, met ander woorde daar was drie wat ek toe weer in sirkulasie geplaas het.

You have told the Court that Mr. de Wet kept notes though of what the recordings were about, did he keep notes in relation to those tapes? ---- Hy het kort, baie kort saamgevatte transkripsies van al die gesprekke gemaak en aan my oorhandig. As ek nou praat van kort, dit was in werklikheid net die kern van die gesprek gewees, soos byvoorbeeld waar hy nou gesê het waar party net 'n persoon kruideniersware bestel, of so en so "phoned his girlfriend" of iets van dié aard.

Now what happened to those notes? ---- Soos ek met al hierdie konsepte van ons maak, word dit onmiddellik nadit diens gedoen het dan word dit vernietig, met ander woorde opgesnipper, vir veiligheidsmaatreëls.

So there would be no notes at present in existence which would give us an idea of what the conversations on the three bands were about that you authorised to be re-used? ---- Nee, behalwe soos ek sê as my geheue my nie in die steek laat nie, as u miskien na 'n spesifieke gesprek verwys, dan kan ek miskien sê of daar soiets was.

No, but are there any notes available? ---- Nee, daar is geen notas nie.

And I think you gave your reasons in your evidence-in-chief as to why it was decided not to use these - to put these three bands back into use, because as far as you could see they dealt with fairly humdrum things which were unrelated

to / ...

to the rally? --- Dit is korrek, die meeste het geen betrekking op die rally gehad nie behalwe dat daar wel duplikaat gesprekke was, miskien van BAWU en SASO, en die SASO s'n is reeds in, dan los ons die BAWU s'n uit, en dan waar Adjudant-offisier de Wet miskien net geskryf het, en nie 'n opsomming as sulks gemaak het nie, maar waar hy geskryf het: pers-verklaring soos verskyn op band so en so. Met ander woorde dit is ook in werklikheid 'n duplikaat gesprek gewees.

I take it, Major, you are reasonably familiar with the tapes which form part of Volume 6 and have been transcribed? --- Edele, ek het nooit werklik geluister daarna nie, maar ek het die transkripsies wel deeglik deurgegaan.

And we have been provided, very conveniently, with an index of what appears on each of the tapes, take No.1 etcetera? --- Dit is korrek.

Now without taking you through the tedium of a detailed cross-examination, I just want to suggest to you that having listened to all the tapes which form part of Volume 6, it is quite clear that amongst those tape-recordings there are some very humdrum conversations, gentlemen phoning their girlfriends and that sort of thing, which have got nothing to do with the rally? --- Ja, Edele, maar miskien kan ek die posisie dan net regstel, op hierdie bande wat wel ingehandig was, was daar miskien een, miskien twee, miskien meer gesprekke wat transkribeer was en wat ons belang in gestel het wat mnr. Rees in belang gestel het, maar op die ander gesprekke was daar geen gesprekke wat ons werklik in belang gestel het nie, en daarom was daardie band in sy geheel - as daar een gesprek op daardie bande byvoorbeeld was wat ons ook in belang gestel het, dan sou dit ook ingegaan het as 'n bewysstuk, en daardie besondere gesprek sou getranskribeer geword het.

I / ...

I take it you never listened to the tapes themselves, the ones that were discarded, or did you? ---- Nee, ek gaan streng volgens die saamgevatte transkripsies wat 'n persoon aan my oorhandig, in hierdie geval Adjudant-offisier de Wet.

I see. You see it is a pity, because my instructions are to this effect, that amongst the tapes which apparently have been put back into use - these three tapes - there would have been a conversation involving legal advice given to Accused No.2. Did you have any such note about legal advice given to Accused No.2 in any of the notes given to you by Mr. de Wet? ---- Nee, ek kan nie so 'n besondere gesprek - ek onthou dat by een geleentheid was dit bespreek, ek is nie seker tussen wie die gesprekke was nie.. (Mr. Allaway intervenes)

Did the name Van Niekerk crop up as having given some legal advice, Professor van Niekerk? ---- Edele, ek dink dit is miskien in een van hierdie gesprekke wat voor die Hof is. Maar die een ..(Mr. Allaway intervenes)

That name does not appear in here, just to assist you, in what has been transcribed, Accused No.2 says that he had advice from lawyers and he mentions two lawyers? ---- Dit is wat ek nou wou by gekom het, daar was op een stadium, ek kan onthou daar was 'n gesprek gewees waar van die Swartmag lede bespreek het dat hulle met 'n sekere prokureur wou raadpleeg, en ek vermoed dat mnr. Chetty ook nog sy hulp aangebied het ingeval hulle enige advies wou hê.

Did you see Mr. Chetty's name mentioned on any of these slips that you got from Mr. de Wet? ---- Ja, dit is die besondere gesprek wat ek kan onthou, hulle wou na 'n besondere, - ek is nie seker of dit mnr. Skweyiya is nie, maar hulle wou na 'n besondere advokaat of prokureur gaan.

Mr. Skweyiya, just to be accurate, he is a member of the

Bar / ...

Bar in Durban? --- Dit is korrek, ek weet hy tree ook namens BPC en SASO somtyds op, wel in opdrag. Nou mnr. Chetty het nie self gepraat nie, maar hulle het gesê dat mnr. Shan Chetty ook sy hulp aangebied het ingeval van regsadvies.

You see, why I am a little, with respect, disappointed that we do not have all the tapes is that because according to my instructions there were conversations, which apparently have not been recorded and are not on the tapes which are available, which go to show that Accused No.2 was concerned about legal advice, and getting legal advice, it goes to show his intention you see? --- Ek kan nie soiets onthou nie, kyk, daar is heelwat ..(Mr. Allaway intervenes)

Can you deny it, that is what I want to know? --- Ek sal dit beslis ontken, want as daar soiets was dan sou ek dit beslis ook met mnr. Rees bespreek het.

But of course your state of knowledge depends upon the accuracy of the notes that you have been given by the man who has listened to the recording? --- Dit is korrek, maar ek aanvaar - kyk, hoewel Adjudant-offisier de Wet baie kort samevattings gemaak het, glo ek het hy die kern van die gesprek redelik goed weergee.

But I would have thought, Major, that one could only assess the relevance of any telephone conversation, with the greatest of respect, once the whole thing is finished, and you have listened to all of them, and that is the only time you can decide what is relevant and what is not relevant, because you then have the whole picture? --- Ek stem nie heeltemal daarmee saam nie, as 'n persoon na 'n band luister en dan kan hy onmiddellik die kern daarvan weergee.

COURT ADJOURNS

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AD1719-Vol34**
*Document Title:-* **Volume 34, Pages 2135 - 2161.**